

BUITENGEWONE


# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c

Dinsdag 1 Augustus 1978

WINDHOEK

Tuesday 1 August 1978

No. 3801

## INHOUD:

## CONTENTS:

	<i>Bladsy</i>		<i>Page</i>
<b>PROKLAMASIE:</b>		<b>PROCLAMATION:</b>	
No. AG. 52 Aanvulling van Vakature in Gekose Kleurlingraad van Suidwes-Afrika: Kiesafdeling Khomasdal .....	1	No. AG. 52 Filling of Vacancy in Elected Coloured Council of South West Africa: Electoral Division Khomasdal .....	1

## PROKLAMASIE

van die  
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GE-  
BIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 52 1978

AANVULLING VAN VAKATURE IN GEKOSE  
KLEURLINGRAAD VAN SUIDWES-AFRIKA :  
KIESAFDELING KHOMASDAL

Ingevolge artikel 88 van die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet 46 van 1946), saamgelees met artikel 35 van daardie Wet en artikel 9 van die Ordonnansie op die Instelling van 'n Gekose Kleurlingraad van Suidwes-Afrika, 1966 (Ordonnansie 29 van 1966) —

(1) verklaar ek hierby dat 'n vakature in die verteenwoordiging van die kiesafdeling Khomasdal van die Gekose Kleurlingraad van Suidwes-Afrika ontstaan het; en

(2) bepaal ek hierby —

- (a) Dinsdag 15 Augustus 1978 as die dag waarop 'n nominasiehof sitting sal hou om nominasies van verkiesingskandidate te ontvang vir die verkiesing van 'n lid van genoemde Gekose Kleurlingraad vir genoemde kiesafdeling;

## PROCLAMATION

by the  
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TER-  
RITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 52 1978

FILLING OF VACANCY IN ELECTED  
COLOURED COUNCIL OF SOUTH WEST AF-  
RICA : ELECTORAL DIVISION KHOMASDAL

In terms of section 88 of the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act 46 of 1946), read with section 35 of that Act and section 9 of the Establishment of an Elected Coloured Council for South West Africa Ordinance, 1966 (Ordinance 29 of 1966) —

(1) I hereby declare that a vacancy occurred in the representation of the electoral division Khomasdal of the Elected Coloured Council of South West Africa; and

(2) I hereby determine —

- (a) that Tuesday, 15 August 1978, shall be the day on which a nomination court shall sit to receive nominations of candidates for the election of a member of the said Elected Coloured Council for the said electoral division;

(b) dat genoemde nominasiehof om 10h00 sitting sal hou in die Raadsaal van die Gekose Kleurlingraad van Suidwes-Afrika, Khomasdal, Windhoek;

(c) dat, indien 'n stemming nodig word omdat meer as een persoon behoorlik genominee word, die stemming ten opsigte van die verkiesing van 'n lid bedoel in subparagraaf (a) op Woensdag 20 September 1978 gehou sal word, om 7h00 op bedoelde dag begin en om 21h00 van daardie dag sal eindig; en

(3) stel ek hierby mnr. L. J. E. Petterson, Beheeradministratiewe Beampte in die Departement van Kleurling-, Rehoboth- en Namabetrekkinge, Windhoek, as kiesbeampte aan by die verkiesing ten opsigte van die lid bedoel in paragraaf (2)(c).

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Windhoek, 26 Julie 1978

(b) that the said nomination court shall sit at 10h00 in the Council Chambers of the Elected Coloured Council of South West Africa, Khomasdal, Windhoek;

(c) that, if a poll becomes necessary for the reason that more than one person is duly nominated, the poll in respect of the election of a member referred to in subparagraph (a) shall be taken on Wednesday, 20 September 1978, and shall commence at 7h00 and shall close at 21h00 on that day; and

(3) I hereby appoint Mr. L. J. E. Petterson, Control Administrative Officer in the Department of Coloured, Rehoboth and Nama Relations, Windhoek, as returning officer at the election in respect of the member referred to in paragraph (2) (c).

M. T. STEYN

Administrator-General

Windhoek, 26 July 1978

PROKLAMASIE

PROKLAMASIE

Administrateur-generaal  
Windhoek, 26 Julie 1978

Administrator-General  
Windhoek, 26 July 1978

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from The Suidwes-Drukkery Beperk P.O. Box 2196, Windhoek South West Africa.